

God se wil...

Teksgedeeltes: Mt 5: 17 – 20 & 1 Jh 2: 1 – 6

Teksvers: Mt 5: 20

Tema: Is jy op soek na God se wil vir jou lewe?

Braam Krüger

Elke Christen worstel een of ander tyd met God se wil. Ja, soms oor die dinge wat Hy toelaat dat dit gebeur in 'n mens se lewe, maar ook oor wat die regte ding is om te doen! Wat wil God hê moet ek besluit in hierdie spesifieke situasie?

Dit sluit soveel sake in!

- Is hierdie die regte persoon met wie ek moet trou?
 - Het dit tyd geword om my huwelik te beëindig?
-

- Watter loopbaan sal ek volg?
- In watter kerk moet ek wees?
- Moet ek trek/emigreer?
- Moet ek huis koop of huur?
- Moet ek kinders hê? Moet ek nou of later kinders hê?
- Moet ek praat met die mense wat so vloek by die werk?
- Moet ek wéér probeer vrede maak met my familielid/vriend?

En dikwels bid jy oor sulke sake, maar ... die Here is stil. Jy kry net eenvoudig nie antwoorde nie. En jou lewe kom tot stilstand. Jy weet nie herwaarts of derwaarts nie!

Maar is 'n fout! Mens kan nie toelaat dat een ding jou tot stilstand bring as God se wil grootliks aan jou bekend is nie. Ja, vir elke onsekerheid is daar 1000 dinge wat jy kan seker wees ís sy wil! En in hierdie doen van God se wil moet ons getrou wees (Mt 5:20). Getrouer as wat die Fariseërs en Skrifgeleerdes was!

Ons getrouheid verwys nie na meer wetjies nie, maar die hart van die wet: liefde. Liefde vir God, liefde vir die naaste. God se liefde vir ons word sigbaar in ons liefde vir ons naaste (1 Jh). Hierdie getrouheid aan die wet vát van jou: tyd, energie, geld, emosionele toewyding.

Natuurlik is jy nie altyd lus hiervoor (gehoorsaamheid en getrouheid) nie, veral nie as jy kaplaks binne-in jou eie worstelinge is nie! Maar dit is juis wat die méér inhou! Flp 2: 14 sê: Doen alles sonder kla of teëpraat! Doen, selfs terwyl jy self worstelend is...

Die hele Bybel is vol van die geopenbaarde wil van God. Op die uitgedeelde boekmerkies is 'n paar van hulle

Op soek na die Here se wil vir jou lewe?

Flp 2: 14

Sy wil is dat jy...

-Hom navolg (Ef 5:1)

-Dink aan alles wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is (Flp 4:8)

-altyd bly sal wees (1Tss 5:16)

-voortdurend sal bid (1 Tss 5: 17)

-altyd die Vader sal dank (Kol 3: 17)

-barmhartig sal wees teenoor die armes (Spr 19:17)

-fokus op hemelse dinge (Kol 3:2)

-aanhoudend sal bid (Kol 4: 2)

-onberispelik sal leef (1 Tm 3:2)

- Hom navolg: In Jesus se voetspore volg (heiligmaking)
- Barmhartig teenoor armes...
- Dink aan alles wat waar, edel, mooi en rein is... Teenoor hierdie negatiewe gees wat op die oomblik van Suid-Afrikaners besit neem.

God se boodskap is duidelik: Doen sy wil, in alles wat jy weet sy wil is. En wag op Hom vir die res. Gelowig, vertrouend soos 'n kindjie!
